
# Hoe kan jy die verskillende skryftekens onthou?

Dink aan die verskillende dele van 'n huis:





Die **diefwering**, wat voor die venster is, stel die akuut- en die gravisteken voor. Die deel van die diefwering wat van links bo na regs onder loop (`), stel die gravisteken voor. Die deel van die diefwering wat van regs bo na links onder loop (´), stel die akuutteken voor. Hoewel die gravisteken en die akuutteken deel van dieselfde stukkie diefwering vorm, met ander woorde, al groepeer ons hulle dikwels saam onder die hofie "aksenttekens", het hierdie skryftekens verskillende funksies. Die gravisteken word dikwels in Afrikaanse woorde gebruik om te wys dat 'n kort è-klank uitgespreek moet word, en die akuutteken vir onder andere beklemtoning.

Die **dak** is die gedeelte van die huis wat baie hoog is en uitstaan. Dit veroorsaak dat ons die huis van vêr kan sien. Net so wys die kappie vir ons dat die letter waarop dit geskryf is 'n lang klankwaarde moet hê.

Die **rookwolkies** bo die skoorsteen verteenwoordig die deelteken. Dit is buite die huis; geskei van die huis. Net so word die deelteken (¨) met skeiding geassosieer: Dit dui aan dat twee/meer vokaalletters wat langs mekaar staan tot verskillende lettergrepe hoort, byvoorbeeld **geëet**, waar **ge-** en **eet** tot verskillende lettergrepe (en klankgrepe) hoort. Dit help ons weer om die woord korrek uit te spreek.

## Hoe kan jy die verskillende skryftekens onthou? (vervolg)




Die **deur se handvatsel** (') is in die vorm van 'n afkappingsteken. Die deur se handvatstel laat jou toe om meer mense in die huis in te nooi. Net so laat die afkappingsteken ons toe om die deur van woorde oop te maak deur hulle te verleng met meervouds- en verkleiningsuitgange. Die deur se handvatsel stel ons ook in staat om vir kuiergaste totsiens te sê. Net so word vir sommige letters en die klanke wat hulle voorstel, totsiens gesê deur die afkappingsteken te gebruik.

Die **horisontale paaltjies** is in die vorm van 'n koppelteken. Hierdie horisontale paaltjies verbind die vertikale paaltjies met mekaar. Die koppelteken verbind ook woorde, byvoorbeeld **een-en-twintig**. Die horisontale paaltjies dui boonop aan dat die vertikale paaltjies saam een heining vorm. Dit dui met ander woorde die verhouding van die vertikale paaltjies tot mekaar aan. Net so dui die koppelteken ook 'n verhouding in byvoorbeeld **dokter-rugbyspeler** aan, omdat hier eintlik staan **dokter en rugbyspeler**. Die horisontale paaltjies maak ook seker dat die paaltjies nie teenaan mekaar gepak is nie, maar geskei is. Net so skei die koppelteken die woorde **na-aap** van mekaar. Natuurlik het die koppelteken ook ander gebruike.